Graad 10: Ekonomie opdrag 7 Datum: 12/08/2020

Naam en Van: .....

1.1.1 Watter van die volgende is NIE 'n voorbeeld van besighede in 'n oligopolie mark NIE?

A MTN, Vodacom en Cell C
B FNB, ABSA en Standard Bank
C Engen, Caltex en Sasol
D KFC, Nandos en Hungry Lion

1.1.2 Die studie oor die gedrag van individue, word die ... -ekonomie genoem.

A mikro
B makro
C mark
D monetêre

1.1.3 Die BTW-koers in Suid-Afrika het van ... gestyg.

A 15% tot 16%
B 14% tot 15%
C 10% tot 11%
D 13% tot 14%

1.1.4 Die subsidiëring van lone deur die regering wat as aansporing vir besighede dien om meer werksgeleenthede te skep staan as 'n ... bekend.

A produksie-subsidie
B uitvoer-subsidie
C werkskepping-subsidie
D inkome-subsidie

1.1.5 'n Wet wat ingestel is ten einde gelyke geleenthede in die werksplek te bevorder:

A Wet op Arbeidsverhoudinge
B Wet op Gelyke Indiensname
C HOP
D GEAR

1.1.6 Die totale onvermoë van 'n ekonomie om werksgeleenthede te skep vir sy totale arbeidsmag, lei tot ... werkloosheid.

A seisoenale
B wrywings
C sikliese
D strukturele

1.1.7 Die grootste vakbond-federasie in Suid-Afrika:

A Cosatu
B Consawu
C Fedusa
D Nactu

1.1.8 'n Regeringsbeleid wat in 2010 geïmplementeer is, met die doel om vyf miljoen werksgeleenthede te skep teen 2020:

A ASGISA
B NGP
C NOP
D OPWP

(8 x 2) (16)

1.2 Kies 'n omskrywing in KOLOM B wat pas by 'n begrip in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–I) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.8) in die ANTWOORDEBOEK neer, byvoorbeeld, 1.2.9 J.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	Markmislukking	A	Kliënte is oor die hele wêreld versprei
1.2.2	Openbare Werke programme	B	'n Onafhanklike agent van die departement van handel en nywerheid
1.2.3	Wandade	C	Mense tussen die ouderdom van 15 en 65 wat bereid en in staat is om te werk
1.2.4	Werkplekforums	D	Bestaan uit die regering op nasionale, provinsiale en plaaslike vlak
1.2.5	Wêreldmarkte	E	Regerings inisiatiewe om korttermyn werkverskaffing aan te bied
1.2.6	Khula Ondernemings Finansiering	F	Wanneer produsent minder goedere produseer as wat verlang word, teen 'n hoër prys, of meer goedere teen 'n laer prys
1.2.7	Openbare sektor	G	Formele vergaderings tussen vakbonde en werkgewers organisasies
1.2.8	Ekonomies bedrywige bevolking	H	Vind plaas wanneer 'n reël in die werkplek oortree word
		I	Mark waar daar slegs een verskaffer is

(8 x 1) (8)

1.3 Gee EEN term vir elk van die volgende beskrywings. Skryf slegs die term langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.6) in die ANTWOORDEBOEK neer.

1.3.1 Die totale bevrediging wat 'n verbruiker verkry uit die verbruik van 'n produk.

1.3.2 Die laagste loon wat 'n werkgewer toegelaat word om 'n werker per maand te betaal.

1.3.3 Die koers waarteen die verbruiker bereid is om een produk op te offer vir 'n ander.

1.3.4 Verskaf werkloosheid syfers volgens die streng en die breër definisies van werkloosheid.

1.3.5 Die proses waar 'n persoon van buite 'n onenigheid tussen twee partye besleg deur 'n oplossing te vind wat deur beide die betrokke partye aanvaar word.

1.3.6 Verskaf aan volwassenes die grondslag wat benodig word vir lewenslange studies en dit sluit geletterdheidsvaardighede in. (6 x 1) (6)

TOTAAL 30